
## PHOENIX

**Universiteit van Pretoria Camerata onder leiding van Michael Barrett**




**Z. Fick**: *Onse Vader*; **J. Dowland**: *Come Again*; **A. Bruckner**: *Locus iste*; **J. Elberdin**: *Cantate Domino*; **H. Hofmeyr**: *Spokewals*; **V. Miškinis**: *Neišeik, Saulala*; **K. Matsushita**: *Karamatanu Kuicha*; **Trad.**: *Indodana* (verwerk: M. Barratt & R. Schmitt); *Mangisondele Nkosi Yam* (verwerk: M. Barratt); *Songs from Africa*: *Sanbonani; Ndawana; Umahlalela; Namhla Kudibene* (verwerk: M. Barratt); **D. Besig**: *As long as I have Music*; **Spiritual**: *Didn't my Lord deliver Daniel* (verwerk: A. Dale).

Geen reeksnommer (CD 57:43)
Engelse kommentaar ingesluit
Opname: Plek onbekend

indrukwekkend afgesluit met twee liedere uit Suid-Afrika, naamlik *Umahlalela* (Xhosa) en *Kwela Kwela*, 'n tradisionele Tswana-huwelikslied.

Die Pretorianers se ewe-indrukwekkende vrystelling open met Zander Fick se *Onse Vader*, wat skalks na die bekende kerklied knipoog, maar dan ontwikkel in 'n volwaardige komposisie waarin die emosionele trefkrag van die teks effektief verklank word. Dowland se bekende *Come Again*, voortreflik uitgevoer met die medewerking van Ryan Kirsten (klassieke kitaar), en Bruckner se *Locus Iste* – (beide komposisies waarskynlik baie bekend aan voormalige lede van Suid-Afrikaanse universiteitskore) – herinner vlugtig aan ouer koortradisies – 'n verpligte en onontbeerlike deel van koorontwikkeling. 'n Interessante werk in hierdie aanbieding is die "Spokewals" van Hendrik Hofmeyr. Die spookagtige opening, gevolg deur die verwronge wals, alles binne die konteks van "onaardse" harmonieë, word op 'n uitstaande wyse uitgevoer – 'n kragtoer in die kleine. Koormusiek uit Litaue en Japan, gesing in die oorspronklike tale, voer die program verder na 'n reeks liedere uit Suid-Afrika: *Indodana*, *Mangisondele Nkosi Yam*, en die siklus *Songs from Africa* ("Sanbonani"; "Ndawana"; "Umahlalela"; "Namhla Kudibene") – almal effektiewe verwerkings van die koorleier Michael Barrett. Die Camerata se program sluit af met *As Long as I have Music* en 'n opwindende verwerking van die geestelike lied, *Didn't My Lord deliver Daniel?*

Albei CD-omslae bevat inligting oor die kore en koorleiers, aangevul met foto's. Die Camerata-omslag sluit name van die koorlede in. asook Engelse vertalings van al die liedtekste. Dit is te begrype dat onkoste dikwels dikteer, maar die insluiting van Engelse tekste van veral nie-Engelstalige liedere, is altyd aan te beveel.

Albei hierdie kore is as wenners in die onderskeie afdelings waaraan hulle deelgeneem het tydens die Wêreld-koorspele in Riga, Letland, aangewys is (2014). Die CD's bied aan ons die klankmatige bewys waarom hierdie uitmuntende kore so hoog aangeskryf word. Skaf gerus vir u hierdie CD's aan. Vir verder inligting: www.sun.ac.za/koor en www.tukscamerata.up.ac.za.